DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 5/2026– 11 Februarie 2026

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR



Die reis na die kruin van die eerste kwartaal nader die halfpadkerf. Wanneer ek om my kyk en die omgewing bestudeer, staan ek in absolute verwondering. Ek verkneukel my in die aanbieding van 'n atletiekbyeenkoms van olimpiese gehalte en die talent van ons kultuurleerders. Dan dwaal my gedagtes onwillekeurig deur die fotoalbum van my hart en ek wonder...

Waar in die wêreld kry jy 'n voorsmakie van 'n wêreldklasatletiekbyeenkoms op jou voorstoep? Waar vind jy honderd inspirerende onderwysers wat hulle missie om te onderrig daagliks voluit uitleef? Waar is daar 'n konsentrasie van begeesterde leerders wat dag na dag opkyk, opstaan en opdaag om hulle beste te lewer en waar kreun die verhoog onder talent? Waar kry jy 'n korveegroep wat vreugde in elke oomblik van diensbaarheid vind en waar is daar 'n span dirries wat elke uur op die pawiljoen met geesdrif vul?

Die antwoord op hierdie vrae is presies. Dit is nie naastenby of afgerond nie, maar eksak.

Juis.

Akkuraat.

Dit kan met 'n plekspeldjie by 25°45′53″S 28°15′30″O op 'n aardbol vasgepen word. Dit is hier waar die terrein lewe kry wanneer Menloparkers soggens deur die hekke stap. Dit is hier waar entoesiasme deur Menloparkers se are bruis, waar geleenthede geskep word en waar die oë op die toekoms gerig is.

Die reis na die kruin van die eerste kwartaal nader die halfpadkerf, maar een ding is seker: Die beste lê voor!



### TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL

**PSALM 121**

Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare. Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.

# FOTOBESTELLINGS

Elke Parkie is afgeneem en Miracles Photography is gereed om bestellings te ontvang.

Vir ouers se gerief word bestellings aanlyn geplaas.

**Toegang tot die fotolyste:** Klik op u kind se klasfoto. Wagwoord: Menlo2026. Volg die **skakel** om die galery oop te maak. Voltooi u e-posadres. Klik "Open".

**Bestellings:** Blaai deur die fotogroepe en klik op die ♥ op die foto wat u wil bestel. Foto's kan op verskillende galerye gemerk word. Alle foto's wat met 'n ♥ gemerk is, sal in u inkopiemandjie verskyn. Klik op die seskolletjie-ikoon (boaan die bladsy) om tussen galerye te blaai.

Wees gerus op die uitkyk vir gesinsfoto's en groepfoto's. Hierdie foto's is onder u kind se klas gestoor.

U kan die formaat kies waarin u die foto's wil ontvang. Die volgende opsies is beskikbaar: digitale foto's, gedrukte foto's, sleutelhouers, muismatjies en yskasmagnete.

**Betaling**

Klik op die kredietkaartsimbool (regs bo).

Verskaf u e-posadres, die kind se naam en kredietkaartbesonderhede om die betaling af te handel.

Daar is twee betaalstelsels: Yoco en Payfast. Probeer gerus die alternatiewe stelsel as u eerste opsie nie werk nie.

**Aflewering**

Die bestelling van digitale foto's sal in u e-posbus afgelewer word. Hou gerus u gemorsposvouer dop.

Gedrukte bestellings sal by die skool afgelewer word.

**Sluitingsdatum vir eerste bestellings: 20 Februarie 2026.**

**Sluitingsdatum vir finale bestelling: 4 Maart 2026.**

Digitale foto's sal steeds na die sluitingsdatum beskikbaar wees.

**Navrae** aan Karen van Miracles Photography:

082 899 0358 of karen@miraclesphoto.co.za.



## 'n Brokkie Menlo-geskiedenis

In 1965 het die skool se heel eerste eersterugbyspan na Namibië (destyds Suidwes-Afrika) getoer! Almal het in een ou VW–kombi gery en elke wedstryd is met 'n viltpen op die kombi geskryf! Hierdie foto is aan die Menlobond-argief, as deel van 'n groter versameling kosbare foto's, deur oud-Parkie, Philip Kloppers (1965), geskenk.

## Afrikaans vier 101 jaar: Het jy geweet?

As Valentynsdag jou onverhoeds betrap, sal jy om verskoning moet vra, nie omverskoning of onverskoning nie.

Bron: VIVA-taalwenk

# KOMMUNIKASIE

## Eggo-jaarblaaie te koop

Jaarblaaie is teen R150,00 by die finansiële kantoor te koop.
Verwysingsnommer by betaling: JB en leerder se naam en van.
Handig asseblief die bewys van betaling by die finansiële kantoor in om die jaarblad te ontvang.

## Ekstra klasse: Wiskunde en Wetenskap

Die rooster is op Ed-admin beskikbaar.
Documents—Parents—Akademie—Ekstra klasse.

## Ed-admin

Menlo-kode: 599 649.
Daar verskyn gereeld nuwe inligting op die toepassing.
Kyk gerus onder Documents—Parents.

## Kommunikasie met Menlo-personeel

Die personeel se kontakbesonderhede is op die skool se **webblad** beskikbaar.

## Menlo-ouers wat omgee

**Menlo-ma's wat bid**
Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer.
Kontak: 082 579 4968

**Menlo-pa's wat bid (Watchmen)**
Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis.
Kontak: 082 457 6526

## Reünies

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **20 Maart** | 20 jaar | 2006 | **10 April** | 60 jaar | 1966 |
| **17 April** | 50 jaar | 1976 | **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 | **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: 1971, 1981, 1991, 2001, 2011 & 2021 | | | | |

# KOMMUNIKASIE

## Menlo-mediasentrum

Leerders word daaraan herinner dat druk– en lamineerwerk by die mediasentrum gedoen kan word.

THE GRANDEST GAME by Jennifer Lynn Barnes




*Seven tickets. An island of dreams. The chance of a lifetime.*

Welcome to the Grandest Game, an annual competition run by billionaire Avery Grambs and the four infamous Hawthorne brothers, whose family fortune she inherited. Designed to give anyone a shot at fame and fortune, this year's game requires one of seven golden tickets to enter. With millions on the line, those seven players will do whatever it takes to win.

Some of the players are in it for the money. Some for power. Some for reasons all their own. Every single one of them has secrets. Amidst it all is Grayson Hawthorne, tasked with a vital role in this year's game. But as tensions rise and the mind-bending challenges push the players to their limits — physically, mentally, and emotionally — it soon becomes clear that not everyone is playing by the rules.

Do you have what it takes to play?

## Finansies

Korting van R2 200 per leerder word toegestaan indien skoolfonds voor 27 Februarie 2026 volledig vereffen word.

Navrae: finansies@menlopark.co.za

## Menlo-kalender

Die skool se kalender is op die webblad asook op Ed-admin (Documents—Kalender) beskikbaar.

# KULTUUR

## KULTUUR PRESTIGEAAND VERDIEN BRAVO EN ENCORE



Menlo se Kultuur Prestigeaand, waar erkenning aan die skool se voorste sangers, musikante, akteurs, kunstenaars, redenaars en debatteerders gegee word, was vanjaar oudergewoonte 'n viering van talent oor die kultuurspektrum heen.

Die gehoor is met vermaak uit die boonste rakke getrakteer en moes vroegaand al die sitplekgordels vasmaak vir die orkes se vertolking van die Formule Een-temalied. Uitstekende monoloë en poësievoordrag het vir puik vermaak gesorg, terwyl die redenaars met die gehoor se koppe gesmokkel het. Menlo se debatteerders het almal met hulle kwinkslae laat skater en 'n paar interessante opinies oor aanlyn inkopies is aangehoor. Jeanne-Marie van Brummelen en Janine Oliver het 'n kragtoer van stembeheer gelewer, terwyl die instrumentaliste die gehoor na hulle asems laat snak het. Die aand is oudergewoonte met die fenomenale Menlo-koor afgesluit en elke musiekliefhebber word aangemoedig om hierdie talentvolle stemversameling te hore te kry. Daarteenoor het die akteurs die lagspiere geprikkel om die aand se emosie perfek te balanseer.

Baie dankie aan me. Jeanmari van Papendorp en die res van die kultuurspan wat aan die stuur van sake gestaan het asook mnr. Corné van Wyk en me. Roché van Blerk wat as seremoniemeesters opgetree het.







Die volgende toekennings is uitgedeel:

| | |
|---|---|
| **Toneel** | |
| *Beste aktrise* | *Hildegard Havenga* |
| *Beste akteur* | *Rian Knoesen* |
| *Mees belowende akteur* | *Wehann Snyman* |
| *Mees belowende aktrise* | *Nina du Plessis* |
| **Drama** | |
| *Beste junior* | *Nina du Plessis* |
| *Beste senior* | *Danielle van der Merwe* |
| **Musiek** | |
| *Beste junior* | *Zea de Villiers* |
| *Beste seniors* | *Jeanne-Marie van Brummelen & Carl Radley* |
| **Kuns** | |
| *Beste junior* | *Nadine Kruger* |
| *Beste senior* | *Katrien Mahne* |
| **Redenaars** | |
| *Beste junior* | *Leané Gerber* |
| *Beste senior* | *Le Roux van Wyk* |
| **Debat** | |
| *Beste junior span* | *Zea de Villiers & Zani Dicks* |
| *Beste senior span* | *Nina Dicks & Clara Serfontein* |
| **Veelsydigheid** | |
| *Veelsydigste junior* | *Nina du Plessis* |
| *Veelsydigste senior* | *Rian Knoesen* |

# JUNIOR STADSRAAD

## MENLO-VERTEENWOORDIGER VERKIES



Die Junior Stadsraad van Pretoria is 'n niewinsgewende jeugorganisasie wat in 1979 gestig is. Twee verteenwoordigers van verskeie hoërskole dwarsoor Pretoria, een in graad 10 en een in graad 11, dien op die raad.

Baie geluk aan Maia Smit wat vandeesweek tot die Junior Stadsraad verkies is. Maia sal die skool se belange saam met Charlotte Jansen van Rensburg (graad 11) verteenwoordig. Die skool bedank graag vir Le Roux van Wyk, uittredende lid, vir drie jaar se toegewyde diens.



# ATLETIEK

## MENLO-UITNODIGINGSBYEENKOMS

Absolut wêreldklas! Dit is die enigste woorde waarmee die pas afgelope uitnodigingsbyeenkoms beskryf kan word. Die aksie op die sterbelaaide baan en veld het selfs 'n diamantligabyeenkoms soos kinderspeletjies laat lyk en die Insig is wesenlik bekommerd dat die Menlo-korvee, me. Lelanie van Wyk en mnr. JJ Smith gewerf sal word om die 2028-Spele te organiseer.

Die vertonings van ons eie atlete is gekomplementeer deur die USN Simbine Classic Shootout waar die room van Suid-Afrika se atlete oor 1 000 m en 150 m in aksie was. Rumé Burger, die blits van Bloemfontein en Suid-Afrika se senior naelloopkampioen, se vertoning in die 150 m was een van die hoogtepunte en die blou karousel spog nou, nes Rumé, met 'n nuwe nasionale rekord.





Baie geluk aan die atlete, toeskouers en organiseerders met 'n puik byeenkoms. Die korvee verdien 'n veer in die hoed vir hulle bydrae tot die sukses van die skool se tuisbyeenkomste. #menlotrots

**Korvee**

Sean Enslin, Nathan de Bruin, Xander Vermeulen, Cale Ruyter, Rine Musenwa, Larah Pretorius, Caro Smith, Nicola Nortje, Lumé van Zyl, Danelle de Bruin, Max Kotze, Pieter Coetzer, Ethan Neuhoff, Stephen van Rensburg, Marlou Scheepers, Ruben de Graaf, Gert van der Merwe, Jacques van der Westhuizen, Kopano Phoko, Conrad Venter, Henk Janse van Rensburg, Franco Kamffer, Jayden Stoltz, Karl Frank, Marcus Crouse, Jewan Coetzee, Marko Schutte, Rocco van der Werff, Ivan du Plessis, Ruben Bornman, Daniel Cronje, Burger van Wyk, Hennicke Pistorius, Erich van Zanten, Coenie Bothma, David Uys, Dane Kok, Elizabeth Erwee, Jayden Pieters, Chris Delport, AJ Joubert, Alonzo Harris, Madeleine van der Merwe, Lize-Marie de Jager, Xander de Lange, Hein van Brummelen, Ruben Gradwell, Inge Botha, Daniël Schreuder, Miané Schoeman, Gert-Louis Gouws, Janré Verhage, Nicola van Aardt, Ruger Schultz, Dian Stemmet, Ulrich Breytenbach, Miela van Jaarsveld, Steffan Ferreira, Aminey van der Merwe, Hugo Loedolff, De Wet Lombard, Ben van Aswegen, Zach van Wyk, Lebo Kheswa, Elle McKenna, Dané Schoeman & Ziaan Rostoll.








## TIEN UIT TIEN VIR MENLO-TOP-15

Te oordeel aan die atlete se puik prestasies by Noordheuwel se top-15-byeenkoms, het die toeskouers rede om na interhoër uit te sien ...

**Rekords**

| | | |
|---|---|---|
| Linmari Kirkpatrick | O. 14 | 300 m-hekkies |
| Janelle Kirkpatrick | O. 16 | 100 m-hekkies & 400 m-hekkies |
| Jaco van Dyk | O. 16 | Gewigstoot |
| Megan Nieman | O. 17 | 100 m-hekkies & 400 m-hekkies |
| Llewellyn van Heerden | O. 17 | 400 m |
| Joshua Gerber | O. 17 | Diskus |
| Karla Bouwer | O. 18 | 400 m-hekkies |

# SPORT

## MUURBALDOGTERS MAAK SKOONSKIP BY DERBY

Menlo se muurbaldogters het verlede naweek aan 'n derby teen DSG, Pretoria High School for Girls en The Glen High School deelgeneem.

Baie geluk aan die volgende dogters wat as wenners van die spanwedstryde uit die stryd getree het:
Heidi van Rooijen, Nicole Enslin, Riani Botha, Ilené Slabber, Lize Botha, Phillipa Geel & Mila Roccon.



# KRIEKET

## UITSLAE

Menlopark o. 15 C teen Cornwall Hill o. 15 B
Cornwall 111 almal uit (André van der Walt 3/7)
Menlo 113/5 (Dehan van der Merwe 40)
Menlo wen met 5 paaltjies.

Menlopark o. 15 B teen Eldoraigne o. 15 B
Menlo 192/3 (Nicholas le Roux 87, Erich Esterhuyse 44)
Eldoraigne 64 almal uit (Matthew Field 4/16)
Menlo wen met 128 lopies.

Menlopark o. 15 A teen Eldoraigne o. 15 A
Menlo 113/7 (Francois Schutte 26, Logan Roode 22)
Eldoraigne 96/8 (Neil Claassen 2/9, Niclas Nolte 2/9, Wilrich Richter 2/19)
Menlo wen met 17 lopies.

Menlopark o. 14's teen Affies o. 14 D
Affies 78 almal uit (Daniel Jacobs 3/12)
Menlo 79/4 (Mischan Schabort 43)
Menlo wen met 6 paaltjies.

Menlopark o. 14 C teen Centurion o. 14 B
Menlo 176/5 (Jesse de Beer 70*)
Centurion 23 almal uit (Hugo Loedolff 3/15)
Menlo wen met 153 lopies.

Menlopark 1ste XI teen Prestige College 1ste XI
Prestige 59 almal uit (Wihan Spanneberg 4/4)
Menlo 62/2 (Johan Bosch 36*)
Menlo wen met 8 paaltjies.

Menlopark o. 14 D teen Cornwall Hill o. 14 B
Menlo 54 almal uit
Cornwall 55/8 (Tshepang Motiang 7/11)
Cornwall wen met 2 paaltjies.

Menlopark 2de XI teen Waterkloof 2de XI
Waterkloof 179/3
Menlo 175/4 (Heinrich Claassen 92*, Kayden du Plessis 41*)
Waterkloof wen met 4 lopies.

Menlopark o. 14 A teen Rustenburg o. 14 A
Menlo 270/7 (Logan le Roux 59, Bernard Theron 47, Mischan Schabort 45)
Rustenburg 68 almal uit (Juan Hattingh 3/21, Kyle Snyman 2/12)
Menlo wen met 202 lopies.






# KRIEKET

## UITSLAE VERVOLG

Menlopark o. 15 A teen Rustenburg o. 15 A
Menlo 164 almal uit (Francois Schutte 40, LJ Janse van Rensburg 28)
Rustenburg 146/9 (Neil Claassen 3/17, Niclas Nolte 2/20)
Menlo wen met 18 lopies.

Menlopark 1ste XI teen Rustenburg 1ste XI
Menlo 252/6 (Jan-Willem Pienaar 111*, André Kruyshaar 52)
Rustenburg 98 almal uit (Wihan Spanneberg 4/14, Jovan Hartman 3/26)
Menlo wen met 154 lopies.

Menlopark o. 14 A teen Eldoraigne o. 14 A
Eldoraigne 99/8 (Ian Viljoen 3/18)
Menlo 100/6 (Connor Moat 44*)
Menlo wen met 4 paaltjies.

Menlopark o. 15 B teen Sutherland o. 15 A
Sutherland 76 almal uit (Nicholas van Heerden 4/19)
Menlo 77/1 (Nicholas van Heerden 34*)
Menlo wen met 9 paaltjies.

Menlopark o. 14 B teen Oos-Moot o. 14 A
Oos-Moot 132/3 (Allister Warren 2/16)
Menlo 131/7 (Logan le Roux 46)
Oos-Moot wen met 1 lopie.

Menlopark o. 15 A teen Potch Volkies o. 15 A
Volkies 97 almal uit (Niclas Nolte 4/16)
Menlo 98/3 (Logan Roode 43*, Neil Claassen 42*)
Menlo wen met 7 paaltjies.

Menlopark 1ste XI teen Potch Volkies 1ste XI
Menlo 167 almal uit (Juan Lombaard 42, Jacques de Villiers 38)
Volkies 85/4
Potch Volkies wen met 6 paaltjies met die Duckworth/Lewis/Sterne-metode.

Menlopark o. 15 C teen Cornwall Hill o. 15 B
Cornwall 111 almal uit (André van der Walt 3/7)
Menlo 113/5 (Dehan van der Merwe 40)
Menlo wen met 5 paaltjies.








# TENNIS

## UITSLAG: ST MARY'S WAVERLEY—TOERNOOI

Hartlik geluk aan Menlo se dogterspan wat die toernooi in die derde plek afgesluit het:
Megan Fourie, Nelia Theron, Sonel Maritz, Nina Jansen van Vuuren & Melissa Meyer.





## UITSLAG: BOLAND LANDBOU-TOERNOOI

Baie geluk aan die seunspan wat die skool in die Wes-Kaap verteenwoordig het:
Drihan de Klerk, Ethan Oosthuizen, Chris Muller, Reuben Spies, Edrich Smit, Erich Esterhuyse & Kristian Swanepoel.









# SPORT





## PERDESPORTUITSLAG: MENLO-SKOU

Baie geluk aan die Menlo-ruiters wat top-3-plekke behaal het.





**Show Jumping**

| | | |
|---|---|---|
| Aimee Cilliers | 70 cm | 2de |
| | 80 cm accumulator | 3de |
| Leilanie Potgieter | 80 cm | 2de |
| Reghard Jacobs | 1 m accumulator | 2de |
| Anika de Souza | 1 m-spring | 1ste |
| Libby Pienaar | 90 cm (graded) | 1ste |

**Dresseer**

| | | |
|---|---|---|
| Desré van der Merwe | | 1ste |
| Dea Higgins | | 1ste |










## GHOLF

Evan Vlok (gr. 11) is as die wenner van Gauteng-Noord-Gholfunie (GNGU) se junior toernooi gekroon. Evan het die toernooi, wat op Cullinan se baan plaasgevind het, met 'n uitstekende telling van 71 (een onder baansyfer) beklink.



## SAGTEBALPRESTASIE BUITE SKOOLVERBAND



| | |
|---|---|
| Nina Jv Vuuren | Deelname aan 'n interprovinsiale toernooi (Gauteng-Noord se White Sox-span; o. 15). |

# PARKIE-ENTREPRENEURS




## WIL U IN DIE MENLO-INSIG ADVERTEER?

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za


### Beskikbare opsies

Handelsnaamadvertensies


Geborgde inhoud

Borg 'n Insig



# MARKPLEIN


CLINIQUE NAILS
Nail care without harmful chemicals
Allergy tested, Hema & TPO-free.
VALENTINE'S GESEKENK VIR HOËRSKOOL MENLO PARK MAMMA'S
1 STEL GEL NAELS EN KRY
1 STEL GEL TONE GRATIS INGESLUIT
R390.00
#monthoflove
#booknow
#geloverlayset
WhatsApp or phone
072 417 7234
Greenlyn Lifestyle Centre,
Thomas Edison Str,
Menlo Park
next to Menlo Park
Meer as 200 kleure om van te kies
T'S & C'T apply


Laundry save
Wasgoed
Strykwerk
Verstellings
Droogskoonmaak
Ons lewer af!
Leerlinge in die koshuis? Ons help graag.
Menlopark Winkelsentrum
13de Straat
Menlopark
079 284 2674
service@laundrysave.co.za
www.laundrysave.co.za


Affordable, reliable
FIBRE
connectivity
Now within your reach
30/30 Mbps
R435 p/m
FREE to use Fibre Router
FREE Connection
FREE Installation
Available from
axxess
Internet your way
powered by open serve


KHOREO
DANCE STUDIO
FREE TRIAL CLASS!
DANCE CLASSES
JAZZ
TAP
CONTEMPORARY
COMPETITIONS
EXAMS
SHOWS
khoreodance@outlook.com
084 853 8277
PMC Hall: 8th Street, Menlo Park, Pretoria
@khoreo_dance_rsa
CONTACT US FOR MORE INFO ON CLASS TIMES AND FEES




EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD

PADEL PARK